# Een en ander oor Calvyn se Institusie

Die eerste uitgawe van hierdie magistrale werk het in die jaar 1535 verskyn. Dit het bestaan uit ses hoofstukke wat agtereenvolgens gehandel het oor die Wet, die geloof, die gebed, die Sakramente, die Sakramente van die Roomse Kerk, en 'n hoofstuk oor die Christelike vryheid. Calvyn was destyds in Basel, waarheen hy uitgewyk het om te ontkom aan die vervolging van die Protestante onder Frans I koning van Frankryk. Hierdie optrede van die koning het groot verbittering verwek in Duitsland, en Frans I het probeer om sy optrede te regverdig deur die bewering dat hy nie die aanhangers van die Reformasie vervolg nie, maar alleen die Anabaptiste en ander oproermakers wat die orde versteur. Dit was 'n onwaarheid wat Calvyn hom verplig geag het om te weerlê. Haastig het hy die werk voltooi aan sy vervolgde geloofsgenote te verdedig en, voorsien van 'n voorrede aan die koning self gerig, die lig laat sien. Calvyn was toe 26 jaar oud.

Voortaan sou hersiening en uitbreiding van wat oorspronklik maar net as verweerskrif bedoel was, deel van sy lewenstaak vorm om die kerk te onderwys in die ware Christelike godsdiens. In 1539 verskyn alreeds die tweede Latynse uitgawe, en in 1541 'n Franse uitgawe deur Calvyn self vertaal. Nadat dit nog 'n paar maal hersien en aangevul is het die voltooide Latynse uitgawe in sy teenwoordige formaat verskyn in 1559, gevolg deur 'n Franse vertaling in 1560. 'n Kwarteeu van die kosbare lewe is dus daaraan gewy. Dit het nou uitgegroei tot 'n lywige boekdeel, en is vertaal in verskillende Europese tale. Die vertaling wat ek besit is van die hand van Wilhelmus Corsmannus, in lewe predikant op Baardwyk, en is volgens die uitgawe van Paulus Aertz van Ravesteyn, Amsterdam 1650, en is

opnuut nagesien deur J. H. Landwehr, Gereformeerde predikant in Rotterdam. Dit bestaan 912 paginas, register ingesluit, en is groot 12 x 8 dm., 'n ware Statebybel!

Hierdie laaste uitgawe het Calvyn, volgens sy eie woord aan die lesers, voltooi as 'n bewys van dankbaarheid aan almal wat die vorige uitgawes so gunstig ontvang het. En dan vervolg hy (om weergegee) dat hy die vorige winter baie siek was. So siek dat hy gedink het dat „die dood hom aangekondig was." Tog het hy homself nie gespaar nie, maar deurgewerk hoe ernstiger die siekte toegeneem het, om die boek klaar te kry sodat hy dit aan die gelowiges as 'n bewys van dankbaarheid vir hulle vriendelike ontvangs van die vorige, nog klein, uitgawes kan nalaat. Daar het ons die mens Calvyn wat maar net een begeerte geken het, en dit is om die kerk van God te dien. 'n Mens wat homself nooit in ag geneem het nie, wat maklik sonder om te eet of te drink vir 24 uur aanmekaar en soms nog langer, deurgewerk het.

**INDELING.**

Die Institusie bestaan uit vier dele, elkeen weer onderdverdeel in hoofstukke en paragrawe.

Die eerste deel handel oor die kennis van God, ons Skepper, en bevat 18 hoofstukke, wat elkeen weer oorverdeel is in 'n aantal paragrawe. Hierin word o.m. gehandel oor die volgende: Wat dit beteken om God te ken; die ingeskape Godskennis; die verbastering van die kennis; die noodsaaklikheid van die H. Skrif om God te ken; die gesag van die H. Skrif, na die getuienis van die Heilige Gees; die geloofwaardigheid van die H. Skrif; God en die afgode; die Heilige Drieëenheid; die openbaring van God in die natuur; die Skepping van die mens; die beeld van God; die vrye wil; die staat van oorspronklike geregtigheid; die voorsienigheid van God en die nut daarvan vir ons, en dat God nie outeur van die kwaad is nie, al gebruik hy ook die goddelose in sy diens.

Die tweede deel handel oor die kennis van God, ons Verlosser in Christus en beslaan 17 hoofstukke, waarvan elkeen ook weer onderverdeel is in paragrawe. Hierin word gehandel oor die val van die menslike geslag en oor die erfsonde; dat hy van die vryheid van sy wil beroof, nou diensbaar is aan die sonde; en dat alles wat hy bedink verdoemlik is; hoe God in die hart van die mens werk; weerlegging van die leer van die vrye wil; die verdorwe mens moet sy verlossing in Christus soek; die doel van God met die wetgewing; uitleg van die Wet; Christus word ons eers in die Evangelie ten volle geopenbaar, hoewel Hy aan die Jode bekend was; die ooreenkoms tussen die Ou en die Nuwe Testament; en die onderskeid tussen die twee bedelinge; die vleeswording van die Woord; die vereniging van die twee nature in Christus; sy profetiese, priesterlike en koninklike amp; Sy dood, opstanding en hemelvaart; en dat Hy genade van God en die Saligheid vir ons volkome verdien het.

Die derde deel handel oor hoe ons die genade van Christus ontvang, en beslaan 25 hoofstukke, met die nodige onderverdelings. Hierin word gehandel o.a. oor die geloof, die wedergeboorte, die Christelike lewe, die regverdigmaking deur die geloof, die Christelike

vryheid, die gebed en die uitverkiesing, met weerlegging elke keer van die dwalinge van die R. Kerk e.a.

Die laaste boek handel oor die genademiddels, en beslaan 20 hoofstukke, onderverdeel soos gewoonlik. Hierin word gehandel oor die ware kerk, die moeder van die gelowiges, die onderskeid tussen die ware en die valse kerk, die dienaars van die kerk, hulle amp en verkiesing; die verval van die Kerk onder die Pousdom; die mag van die kerk; die Sakramente, telkens met weerlegging van die dwaalleer; met ten slotte die amp van die owerheid, ook in verband met die kerk.

Bostaande is maar 'n ruwe weergawe, net om aan te toon hoe die oorspronklike verweerskrif in die loop van die jare uitgegroei het en uitgebou is tot 'n magistrale werk wat die hele leer dek. En nou kan ons van Calvyn se opset van sy werk en sy indelings miskien verskil. Logies sou ons miskien die stof anders indeel hier en daar, maar dit doen niks tekort aan die waardering wat elke Gereformeerde persoon vir die werk het nie. En dit verminder sy waarde en betekenis vir die kerk in die 20e eeu nie die minste nie. Van Calvyn kan ons nog baie leer. En Calvyn het nog baie vir ons te sê vandag nieteenstaande die vordering van die teologiese wetenskap in die afgelope jare. Persoonlik het ek dit nog altyd betreur dat nie een van die Afrikaanse Kerke in ons land 'n leerstoel vir Calvyn ingestel het nie. Hoe sou ons volk nie daardeur gebaat gewees het nie! Ek kan my dan ook volkome verenig met die woorde de Soussure: „Ons bly glo dat ons heil geleë is in terugkeer na ons oorsprong. Soos in die sestiende eeu die ware wese van die Christendom teruggevind is deurdat teruggegaan is na die oorspronklike gegewens, so moet ons die ware karakter van die Protestantisme weer leer ken deur terug te keer na sy oudste bronne. Hierin bestaan die voortdurende reformasie, dat altyd teruggekeer word na die bronne om aan ons geloof sy oorspronklike suiwerheid terug te gee."

En nou weet ek wel dat toestande in ons land seker baie verskil van die in Frankryk, maar ek is ook oortuig dat ons nog nie klaar gedrink het uit daardie bronne nie. Die vraag kan werklik gestel word of ons al daaruit behoorlik gedrink het, en of dus nie maar net so 'n bietjie daaraan geproe het nie. Calvyn e.a. het vir ons nog baie te leer. Dis die mense wat bo op die berg staan en oor ons in die vlakte heenkyk.

**'n Powere Waardering**

As ek ten slotte nog 'n woord oor die **Institusie** mag sê, dan net dit. Hier tref ons veral twee sake. Die eerste is die **innige godsvrug** van die kerkbouer. Hier beluister ons werklik die taal van die „unio mystica." Calvyn is nie 'n filosofiese dogmatikus nie, maar 'n innige gelowige wat uit die rykdom van die Skrif put. 'n Skrifgeleerde wat uit die skat van die Skrif ou en nuwe dinge te voorskyn bring. Dis 'n ware sielsgenot om ons in die werk te verdiep. Die noue gemeenskap met God maak die mens welsprekend in die goeie en regte sin van die woord. Daar is paragrawe en paragrawe wat niks anders as 'n himne is nie. Calvyn is teoloog by die grasie van God, en hy sing soos Jesaja en Paulus. En onder dit alles deur word 'n rykdom van Skrifkennis kwistig uitgestrooi.

'n Tweede kenmerk is sy helderheid. Calvyn het nie tevergeefs Wet gestudeer nie. Ons erken ook hierin die leiding van God wat die hervormer ook langs daardie pad gelei het. Sy ontbering van die argumente van sy teëstanders is dan ook logies glashelder, en sy weerlegging— verpletterend. Hy wat goed wil onderrig moet goed kan onderskei. Dit vind ons ook hier.

A. Duvenage.

Witbank.